

## 17 Maart

### Bewoënheid met mense in nood

**Skrifgedeelte: Johannes 5:1-17**  
**Fokusgedeelte: Johannes 5:7, 8**

Wanneer Jesus 'n man help wat al 38 jaar siek is, dan is daar beswaardes! 'n Mens kan dit byna nie glo nie. In plaas van vreugde en blydschap en God wat verheerlik word, is daar beswaardes wat beswaar maak, omdat hierdie siek man op die sabbat sy bed dra; en toe hulle hoor dat hy gesond gemaak is deur Jesus Christus, het hulle besware, omdat Jesus gewerk het en genade betoon het en hierdie man op die sabbat genees het.

Skerp in kontras met die harteloosheid van die beswaardes staan die bewoënheid van Jesus Christus. Toe Hy die man “sien lê” (vs 6), het Hy hom terstond genees. Hierdie man het vir jare gehoop dat iemand hom in die bewegende water sal plaas. Hoeveel duisende mense het hom gesien en ook nie gesien nie. Nou kom Jesus Christus en sien hom. Hy beleef genesing sonder bewegende water, en waar kry ons hom? In die tempel! – die plek van aanbidding.

Ons leef in 'n land waar die nood van mense daaglik groter word en soos onkruid om ons floreer. Jy hoef nie eens vandag regtig rond te kyk nie, jy sal sien, sonder om te kyk, dat daar rondom jou nood is – honger, naaktheid, siektes, MIV/vigs. Sal die nood by jou bewoënheid ontlok, of gaan jy ook maar tevrede wees met die klug dat iemand hulp sal bied? Miskien dink jy een of ander instansie of die regering sal dalk help.

Ja, jy kan nie mens-alleen die wêreld se nood oplos of berge verskuif nie, maar is jy seker daar is nie “iets” wat jy aan die nood van mense kan doen nie? Ons kan op geen manier wegkom van die Samaritaan wat homself die barmhartige gemaak het van die noodlydende mens wat op sy pad gelê het nie. Op elke ompad wat ons probeer loop, is daar iemand in nood.

Probeer vandag dan om ook mense te sien lê, en reik met bewoënheid uit na hulle wat in nood verkeer. God het Hom immers oor jou in jou grootste nood ontferm – die nood van die sonde.

*Sing: Psalm 51:1 (Omdigting)*

*Dr. Dick Steyn (Emeritus)*